Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Colin Esau**
Direktoraat: Werknemerverhoudinge
Colin.Esau@westerncape.gov.za | 021 467 2362

Lêerno.: 3/3/4/P
Verwysing: 20230609-5360

Omsendbrief: 0021/2023
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: IGLOO-koördinering en -advies, Distriksamptenare, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by alle openbare skole

Kort opsomming: *Inligting rakende die Wes-Kaapse Regering se beleid oor teistering in die werkplek (Western Cape Government Workplace Harassment Policy), wat betrekking het op alle werknemers, insluitend werknemers van die onderwysdepartement en beheerliggame.*

**Onderwerp: Implementering van die Wes-Kaapse Regering (WKR) se beleid oor teistering in die werkplek (*Western Cape Government Workplace Harassment Policy*)**

1. Die WKR is daartoe verbind om 'n werkplek vry van alle vorme van teistering te skep deur die hoogste standaarde van persoonlike en professionele gedrag te bevorder, en te verseker dat alle WKR-werknemers bewus is van teistering binne die werkplek en begryp wat dit behels.

2. Teistering in die werkplek is 'n vorm van onbillike diskriminasie en word verbied op grond van geslag en/of gender en/of seksuele oriëntering.

3. Enige vorm van teistering word as 'n skending van menseregte beskou, wat onwettig is in Suid-Afrika en dus verbied word binne die WKR.

4. Die doel van die WKR se beleid oor teistering in die werkplek (*Western Cape Government Workplace Harassment Policy*) is om:

4.1 alle WKR-werknemers bewus te maak van wat teistering in die werkplek is, asook hul verantwoordelikhede om sulke voorvalle te voorkom en te bestuur, in ooreenstemming met die toepaslike nasionale statutêre voorskrifte en beleidsbepalings;

4.2 leiding te verskaf met betrekking tot die prosedure en proses om bewerings van teistering te hanteer; en

4.3 'n werkplek te vestig wat vry is van alle vorme van teistering.

5. Paragraaf 2 (g) van die *Protokol vir die Bestuur en Aanmelding van Seksuele Wangedrag* van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (verwys na Omsendbrief 15 van 2023, gedateer 06 April 2023), word nou herroep en vervang deur die WKR se beleid oor teistering in die werkplek (*Western Cape Government Harassment Policy*) van 2022 (verwys na die WKR se omsendbrief, *Circular 13 of 2023*, gedateer 26 Mei 2023).

6. Prinsipale/toesighouers/bestuurders word versoek om alle personeel van die inhoud en erns van hierdie omsendbrief en die aangehegte beleid, *WCG Harassment Policy,* in kennis te stel.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-08-03